## 4.1 ALTERNATIEWE VEERKLAS

Skuts wat nog nie 14 jaar oud is in die kalenderjaar van die kompetisie nie, mag in hierdie klas deelneem. Hy/sy moet ‘n ingeskrewe skolier wees.
In ‘n Alternatiewe Veerklas item, moet alle gewere en toerusting voldoen aan die vereistes van die Alternatiewe Veer-luggeweertoerusting-reëls.(Reëls 4.2)

### 4.1.1 Algemeen

a. Die wapen mag nie ’n spesiaal “match” vervaardigde wapen wees nie.
b. Die wapen mag nie terugslagloos of semi-terugslagloos (“recoilless of semi-recoilless”) wees nie.
c. Enige veergeweer moet egter deur die Tegniese Beampte goedgekeur word.

### 4.1.2 Toegelate Wapens

a. Enige standaard veeraangedrewe .177” (4,5 mm) windbuks wat algemeen in die handel beskikbaar is, mag gebruik word.
b. Geen veranderinge mag aan die wapen aangebring word nie, behalwe soos hieronder uiteengesit.
c. Indien enige twyfel ontstaan moet die wapen verwys word na die wapenkeuringskomitee wat skriftelik uitsluitsel daaroor sal gee. Dié komitee se besluit sal finaal wees.
d. Die wapen moet aan die ondergenoemde vereistes voldoen.

### 4.1.3 Kolf

a. Die kolf moet ’n standaard kolf wees soos deur die fabriek vervaardig.
b. Die kolflengte mag nie verstelbaar wees nie.
c. Die wapen mag nie ’n verstelbare wangstuk hê nie.
d. Die kolf mag nie ‘n vertikale verstelbare skouerstuk hê nie.

### 4.1.4 Band en Handstop

a. ’n Skietband word toegelaat in die lê- en knielhouding.
b. Die maksimum wydte van die band mag nie 40mm oorskry nie.
c. Die band kan van leer of sintetiese materiaal wees en mag gevorm wees.
d. Die band mag van lengte verander word.
e. Die band mag slegs aan die bo-arm aangebring word.
f. Die band mag net aan een kant van die hand en gewrig raak.
g. Die band mag aan geen deel van die geweer of snellerhand raak, behalwe waar dit voor aan die geweer vas is nie.
h. Daar mag van ’n handstop gebruik gemaak word.
i. Die maksimum diepte van die handstop, met bandknip plat gevou, mag nie 25 mm oorskry nie.
j. Die handstop mag van posisie verander word tydens die lê- en knielposisies, maar moet van die geweer verwyder word by die staanposisie.
k. Waar die handstop nie van posisie kan verander nie omdat dit permanent gemonteer is, mag dit in die staan-posisie aan die geweer gelaat word.

### 4.1.5 Visiere

Slegs die standaard V-visiere soos deur die vervaardiger geïnstalleer is toelaatbaar.

**4.1.6** Sneller

a. Die sneller van die geweer mag vervang of verander word, maar mag nie ligter as 500 gram wees nie.
b. Die sneller word op dieselfde manier as die van die Sportergeweer gemeet as die nodige apparaat om dit veilig af te vuur beskikbaar is.

**4.1.7** Gewig

a. Die totale gewig van die geweer met visiere mag nie 3,5kg oorskry nie.
b. Geen interne of eksterne gewig mag op die wapen aangebring word nie.

**4.1.8** Trompsnelheid

Die maksimum trompsnelheid van die wapen mag nie 800vt/sek (244m/sek) oorskry nie, gemeet met 'n .52 gram platpunt patroon.

**4.1.9** Verhogingsblok

a. 'n Verhogingsblok mag wel onder die kolf aangebring word mits die maksimum afstand vanaf die middel van die loop tot die onderkant van die verhogingsblok nie 90mm en wydte nie 60mm oorskry nie.
b. Die verhogingsblok mag in al die posisies aan die wapen bly. Indien dit nie verwyderbaar is nie, moet dit lank genoeg wees om in die lê- en kniel posisie in die handpalm te lê.

**4.1.10** Wapengoedkeuringskomitee

Soos aangewys deur die Raad. Hierdie komitee moet bestaan uit die President van SANSSU, die Tegniese Beampte en 'n sub-komitee bestaande uit twee lede wat Veergeweer-ervaring het.

**4.1.11** Alternatiewe Veerklas : Ouderdomsgroepe, skietposisies, teikens en tydsbeperkings

| Klas | Ouderdomsgroep | Skiet posisie | Pistool Teikens/Skiet kaarte |
|---|---|---|---|
| 1 | O/8 en O/9 | 2 x lê met ondersteuning | 2 Tel kaarte, 1 proef<br>100 punte, 5 skote per kaart |
| 2 | O/10 | 2 x lê geen ondersteuning | 2 Tel kaarte, 1 proef<br>100 punte, 5 skote per kaart |
| 3 | O/11 en O/12 | 2 x lê geen ondersteuning<br>2 x staan met ondersteuning<br>2 x kniel met ondersteuning | 6 Tel kaarte en 3 proef kaarte<br>300 punte, 5 skote per kaart en proef met elke nuwe posisie |
| 4 | O/13 | 2 x lê geen ondersteuning<br>2 x staan geen ondersteuning<br>2 x kniel geen ondersteuning | 6 Tel kaarte en 3 proef kaarte<br>300 punte, 5 skote per kaart en proef met elke nuwe posisie |

| Tydsbeperking ALTERNATIEWE VEER | | |
|---|---|---|
| Neem Posisie in | | 5 minute |
| Inskiet met afrigting | Lê posisie: Op proefkaart | 8:00 (min/sec) |
| Tel skote | 5 tel skote per kaart<br>Twee kaarte | 7:30 per kaart – Enkel diagram<br>15 minute vir twee diagrame |
| Oorskakeling | | 5 minute |
| Tel skote | 5 tel skote per kaart<br>Twee kaarte<br>onbeperkte proef skote | 20 minute |
| Oorskakeling | | 5 minute |
| Tel Skote | 5 tel skote per kaart<br>Twee kaarte<br>onbeperkte proef skote | 20 minute |

**Proef teiken**
Proef teikens moet duidelik geïdentifiseer word. Proef teikens moet gemerk word met 'n swart diagonale streep in die regter boonste hoek. Die streep moet maklik sigbaar wees vir die blote oog vanaf die skietlyn.

4.2.12 Veiligheid

a. Indien ‘n skut nie die wapen met veiligheid in ‘n posisie kan gebruik nie, (Soos wanneer die kas mis geskiet word) moet die baanoffisiere die skut aan die posisie onttrek.
b. Die skut mag wel voort skiet in die posisies waar dit met veiligheid gedoen kan word.
c. Die veiligheidskoord moet ten alle tye in die loop van die wapen wees as die wapen nie hanteer word op die skietpunt nie.

**SPORTER (ONTWIKKELINGS KLASSE)**

Skuts wat nog nie 13 jaar oud is in die kalenderjaar van die kompetisie nie, mag in hierdie klasse deelneem. Hy/sy moet ‘n ingeskrewe skolier wees.
In ’n Sporter klas item, moet alle gewere en toerusting voldoen aan die vereistes van die Sporter reëls (reël 4.4).

**Sporterklas : Ouderdomsgroepe, skietposisies, teikens en tydsbeperkings**

**Sporter (Ontwikkelings Klasse)**

| **Klas** | **Ouderdomsgroep** | **Skietposisie** | **Aantal teikens en skote** | **Totale Telling** |
|---|---|---|---|---|
| n/a | O/10 | 3 x Lê met ondersteuning (Kniel rol) | 1 Proef “strip”<br>3 Tel kaarte – 20 kol teiken | 600 |
| n/a | O/12 | Lê geen ondersteuning (’n geweerband mag gebruik | 1 Proef “strip”<br>1 Tel kaart – 20 kol teiken | 600 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | word) | | |
| | | Staan met ondersteuning | 1 Proef “strip”<br>1 Tel kaart – 20 kol teiken | |
| | | Kniel met ondersteuning | 1 Proef “strip”<br>1 Tel kaart – 20 kol teiken | |

**Tydsbeperking** :
Sal dieselfde wees as vir die o/14, o/16 en o/21 sporter klasse.

Slegs o/12 klas sal tydens die SANSSU nasionale kampioenskap aan gebied word.

Jongers skuts, wat die wapen veilig kan hanteer, mag in ’n hoër klas deel neem, b.v. ’n skut wat 10 jaar oud is, mag in die o/12 klas deelneem, maar kan nie dan weer terug beweeg na ’n laer klas nie.

**Ondersteuning**

a. In die lê posisie mag die skut ‘n SANSSU knielrol gebruik vir ondersteuning indien toelaatbaar.
b. In die staan en kniel posisie mag die skut skiet stokke gebruik indien toelaatbaar, soos bv.

